



## TOULEIER

### Ek jodel saam met die Duitse doedies



Ek sien Petronella verwys die week in haar rubriek na Zuma-koekies. Dit herinner my aan die onlangse e-pos wat ek ontvang het van die Hollander wat sy mampoer die egte Neijderlandse naam van Zoemfokt loop gee het. Blykbaar maak jou kop so 'n zoemgeluid ná die eerste sopie, en ná die tweede een dan fokt je neer op de grond! En van neerval gepraat, daar was toe laas week heelparty koppe wat gezoem het hier rond.

*Im Munchen steht ein Hofbrau Haus.....* wel, hier in Doha was daar die afgelope twee naweke eg Duitse Oktoberfeeste. Die Suid Afrikaanse element was ook weer goed verteenwoordig.

Uit die dure ondervinding van menige vorige tafelronde-bierfeeste in Klerksdorp, het ek en Annabelle sommer ingeboek in die hotel waarin die affêre gehou was. Met verdere herinneringe aan die gevolge van te dors raak, het ek en sy ook toe laat-middag soos die son sak, die nodige 'sjampyntjie' deurgewerk. Guronsan C tabletjies maak mos die water so mooi geel soos vonkelwyn, kompleet saam met die nodige gasborreltjies. Goeie voorsorg deur gesoute bierfeesters.

Weens die wette van Islam was daar ongelukkig geen vark in hierdie verhaal nie, en toe konsentreer ons maar op die bier. En gou was almal rondom die Greeffs goed op dreef. Die kelners kon skaars byhou.

Aan ons tafel was die dorstige worskoning Eugene, en sy pragtige Magda. Neffens hulle twee vriendinne Bernadette en Haas, twee SANer loslootjies wat albei hier by 'n mediese laboratorium werk.

Die gebroeders Rudi en Wiets Pretorius wat laas saam Binnelandse See toe was, het 'n ander tafel opgepas. Hier moet ek eers Rudi om verskoning vra. Dis hy wat daar langs die see plastiekbotteltjies verander het in rumglasies, nie Ian nie.

Die oempa-orke het gou Kamermaatjie se voete laat jeuk en daar praat sy my mos toe om vir 'n bietjie tone sleep. Die ou knieë is mos nou nie meer wat dit was nie, maar met die olie van die Germaanse bruisdrankies sien ek kans om te loop staan en waggel en wieg saam die ander klomp wat daar vlak voor die verhoog waarop die orkes speel te probeer wals.

Die orke het twee sulke dodelike Duitse doedies wat sing, en sal die guitige enetjie met die kaal midriffie, my nou nie wragtig kom uitkeer en skaapvang of ek gedous moet word nie! Slaat ek amper daar neer.

Nee, sê sy, sy wil net kyk waar ek vandaan kom. Kan glo aan my wit sokkies sien ek kan jodel. Wat is my naam wil sy weet. Speel toe maar saam en sê ek is Heinrich van Tirol. Sleep sy my net daar op die verhoog. Nou moet ek eers jodel. Almal dink mos hulle kan karioukie as hulle net effe geolie is. Ek vind toe uit jodel is nie karioukie nie. Al wat ek uitkry is iets tussen 'n hond wat huil en 'n koekoekklok. Gelukkig ondersteun die twee meisies my en met een onder elke arm jodel en tjank ons dat die byle huil.

'n Hele paar biere later loop staan en speel hulle mos toe 'Smoke on the water'. Ongelukkig is ek mos gemaak vir die verhoog en soek ek al wat 'n verskoning is om verder te help sing.

Eish, toe lyk en voel die ysterkruk waarmee ek loop, darem al te veel na 'n ghitaar.

Die man agter die orrel sien my raak en wink my nader. Ook nie links nie, of daar is ek weer op die verhoog, kierioghitaar en al. En die skare raak mal. Maak ek al weer my gat naam.

Eugene loop sit skoon aan 'n ander tafel so skaam kry hy en Magda vir my. Tweeuur Vrydagoggend vra die skoonmakers ons laaste klompie SANers of ons nie maar liewers nou wil loop slaap nie.

Afrikaners bly maar 'n plesierige klomp mense, al kuier hulle nou ook waar.

**Hennie en Annabelle Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Allegaartjie

## VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly - party dateer van eeue gelede.

- In OKLAHOMA kan jy gearrester word as jy gesigte vir 'n hond trek.
- In SALT LAKE CITY is dit onwettig om met 'n viool in 'n papiersak in die straat af te stap.
- In SAN FRANCISCO mag jy perdemis op 'n straathoek ophoop, solank die hoop minder as ses voet hoog is.

## Vrouebestuurders 2009: BRONSMEDALJE



## Manãna

Die Spaanse sanger Julio Iglesias was op Britse TV met die aanbieder Anne Diamond toe hy die woord "manãna" gebruik.

Hy het verduidelik dit beteken "miskien sal dit môre klaar wees, of oormôre of volgende week. Miskien eerse volgende maand of volgende jaar. Wie gee om?"

Die aanbieder draai toe na Julius Malema, wat deel van die program was, en vra of daar 'n soortgelyke term in Suid-Afrika is.

"Nee," sê hy, "ons het nie 'n woord wat daardie mate van dringendheid beskryf nie."



## PETOORSIE DOEN DIT WEER

Die onderwyser is besig om 'n les te gee.

"Kan julle vir my 'n voorbeeld gee van 'n totale mislukking weens professionele agtelosigheid?"

Petoorsie: "Ja, meneer. 'n Swanger prostituut."

## Definisies van golphoue

Kate Winslet - bietjie dik, andersins perfek.

Maradonna - gemene klein vyfvoeter.


O.J. Simpson - slegte skoot, maar kom daarmee weg.

Rock Hudson - gedink dit was reguit, toe nie.

Prinses Diana - moes 'n ander drywer gevat het.

Tom Cruise - bietjie kort.

Skoonseun-rondte - nie so goed as waarop jy gehoop het nie.



Daar's hy reg!

## Onderhoude met sokkerspelers


Moenie lag nie – Engels is ook nie ons eerste taal nie!

### Peter Ndlovu

**Interviewer:** Peter those were three beautiful babies you put away behind the net. How do you feel?

**Peter:** Aah I am so ashamed; I just don't like it when these women tell the whole world.

## LOOPBAANGRAFIEK





# Petronella

## PRAAT PADLANGS

### Die stille meerderheid studeer – om te wat?

**Vanaand** was dit oueraand by my enigste se skool. Die skoolsaal was gepak. Meer nog, daar was heelwat ouerpare wat in die gange voor en om die saal gestaan het.

Dis 'n plattelands dorpie met net twee laerskole. Daar was wit ouers, swart ouers en bruin ouers. Hulle kinders het saam buite op die terrein gespeel terwyl die belangrike begroting vir die nuwe skooljaar aangekondig is en ons daarvoor moes stem.

Die skoolgeld styg met 'n hele veertig rand. Steeds betaal ons slegs R290-00 per kind.

Daar is slegs 30 kinders in die grootste klasse. Die skool is veilig omhein, met puik skoolgrond, sporttoerusting en 'n goeie musieksentrum. 'n Spogskool in elke opsig.

My swaer betaal vir sy kind, 'n jaar ouer as myne, wat in die stad skoolgaan en 'n klas met 40+ ander kinders deel R790,00. Hoe werk dié soort wiskunde?

Ons is voorwaar gelukkig. Terwyl duisende ouers saam met hul kinders van senuwees bewe oor die komende matriekeksamen, is voormalige model C-skole se leerders en ouers gerus. Hul kinders en onderwysers wat hul deur die laaste paar jaar se studies gelei het is positief en hoopvol.

My punt, terwyl leerders by talle ander skole staak (en toegelaat word om te staak) vir 'n "up front 15%" op hul eksamenpunte, is die stille minderheid besig om te studeer, te hersien en te vertrou dat hulle matriek gaan slag.

Waarvoor? As hulle vir werke aansoek doen, gaan hulle 'n muur tref. Want die politiek van die dag vereis dat jy nie hoef te kan skryf, somme doen of selfs dink nie.

**Genoeg** oor ons skoolstelsel, ons sportmanne en vroue het goed gedoen in Indië. Drie en dertig medaljes in die sak. Sonder 'n bohaai oor die gebrekkige verbly of organisasie wat die Spele vooraf gegaan het. 'n Curriebeker-reeks wat besig is om beter as 'n Drienasies-reeks af te speel en 'n wêreld-eendagspeler wat nie net nommer een in die wêreld is nie, maar ook sy eerste CD uitgegee het. Dit raak net beter en beter.

**En as jy** nog steeds nie terugverlang na die son en saffier van ons mooi land nie, het jy nog nie 'n *Huisgenoot*-skouspel by Sun City beleef nie. Vyf duisend vyfhonderd en dertig mense het vertoning ná vertoning gepak om die room van ons land se kunstenaars op die verhoog te sien en te hoor.

**En dit maak** nie saak hoe boers Pottie Potgieter is nie: die mense smaak hom. Dis verstommend om te hoor van waar die mense stroom om die skouspel by te woon. Bo in die noorde, onder in die suide, die Engelse kolonie se manne en vroue en selfs die Duitswesters durf die lang kilometers aan om deel te wees van een van die beste vertonings op die wêreld se musiekkalender. En ek bedoel internasionaal. Daar is min van ons kunstenaars wat nie van wêreldgehalte is nie. (Nou raak dit 'n bietjie dik vir 'n daalder).

**Met die hulp** van Murray en Roberts ('n trots Suid-Afrikaanse produk) is die mynwerkers in Chili nou weer bogronds en herenig met hul families. So seg 'n slimkop wiskunde-onnie nou die dag vir my: "Die manne gaan gelukkig baie oortyd kry, voeg daarby ongeriefstoelaag en gevaartoelaag en hulle hoef vir die volgende jaar nie weer te werk nie. Nie dat ek dink enige van hulle sal wil nie. In alle geval nie in daai omstandighede nie.

**Het van die** lekker koekies nou die dag op 'n Afrikaanse televisienetwerk gehoor. Zuma-koekies (sjokolade-Hertzoggie).

Ek betoog dat 'n land wat homself in die voorspoedigheid in wil belas, is soos 'n man wat met 'n emmer staan en probeer om homself aan die hingsel op te lig. -- Winston Churchill

'n Liberalis is iemand wat voel hy skuld sy medemens iets, en wil daardie skuld met jou geld vereffen. -- G. Gordon Liddy



# Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## MAAK DOOD!

By 'n klubrugbywedstryd staan 'n vrou in die paviljoen en skree allerhande dreigemente vir die skeidsregter.

Elke keer as hy sy fluitjie blaas, skree sy: "Maak die gek dood! Vermoor hom!"

Toe sy weer skree "Maak vrek die idioot!" sê een van die toeskouers vir haar hy doen niks verkeerd nie.

"Ek weet," sê die vrou. "Maar hy het gisteraand laat huis toe gekom en daar was lipstiffie op sy hemp se kraag. Maak hom vrek!"

## WONDERMIDDEL

Die dogtertjie sit en kyk hoe haar ma haar gesig vol room smeer.

"Hoekom doen ma dit?"

"Vir my plooië."

Sy hou aan om na haar ma te staar.

"Hoekom kyk jy so vir my?"

"Ek wil kyk wanneer dit begin werk."

## FEËVERHALE

Die dogtertjie vra haar pa: "Begin alle feëverhale met 'Eendag lank gelede'?"

Pa: Nee, my kind, nie almal nie.

Baie begin met 'As jy vir ons stem, belowe ons dat . . .'"

## OP PAD NA 'N BLONDINE

Die dogtertjie kom opgewonde van die skool af.

"Mamma, ek maak elke speelyd wawiele vir die seuntjies en hulle dink ek is baie goed!"

"Ag my kind, hulle wil sommer net jou broekie sien."

"Ek weet, Mamma, dis hoekom ek hom altyd in my boeksak wegsteek."

## TRAPPE VAN VERGELYKING: MAL, MALLER, MALSTE en



## GATIEP SE PROBLEEM

Gatiep sit gesuip langs Meraai se graf en tjank.

Lekker dronk verdrietig sê hy: "Meraai, as jy net terugkom, hou ek op drink!"

Net toe begin 'n mol 'n hopie op die graf stoot.

Gatiep spring die hopie met albei voete plat.

"Gwaan, Meraai, kan jy nie 'n joke vattie!?"

## MAKLIK!

Twee Engelse toeriste het op 'n lieflike somersdag deur Wallis gereis. Hulle stop toe in die dorp Llanfairpwllgwyngyllgogery-chwyrndrobwylllantysiliogogoch vir middagete en een vra die kelnerin:

"Voordat ons bestel, kan jy asseblief vir ons die naam van die plek stadig, baie stadig, uitspreek?"

Kelnerin: "Burr . . . Gurr . . . King."

[Die Engelse vertaling van die dorp se naam is *St Mary's Church in the Hollow of the White Hazel near a Rapid Whirlpool and the Church of St. Tysilio near the Red Cave.*]

## SKOONMA

Die vrou bel haar ma en kla dat Jan weer met haar baklei het.

"Ek gaan by ma kom bly."

Ma: "Nee, ons moet hom harder straf. Ek sal by julle kom bly."

## ANDY CAPP deur Smythe





# Duskantlander in Anderkantland

## België se Groot Vier

Deur **REINDERD VISSER**

Olifant, renoster, buffel, leeu en luiperd. Afrika se Groot Vyf. Toeriste uit Europa en elders betaal duisende rande en reis duisende kilometer om hulle te kan sien. Op pad Europa toe het ek myself afgevra – wat is so uniek aan Vlaandere en België dat dit vir 'n potensieël reisiger die moeite werd sal wees om spesifiek daarvoor daarheen te reis. Is daar so iets?

Min het ek geweet dat hierdie klein landjie sommer baie het om op te roem en wat 'n besoek aan België byna 'n moet maak! Ek lig ter wille van die titel vier dinge uit wat ek dink om verskeie redes eie aan België is. Ek noem hulle nie in volgorde van belangrikheid nie, maar soos ek hulle teëgekomp het.

Menige Vlaamse gaste wat saam met my deur Suid-Afrika gereis het, het tot irriterend toe aangegaan oor hul BELGIESE BIERE. My aarde man, wat kan dan nou so besonders wees aan hul bier? 'n Bier is immers 'n bier, jy onderskei hoogstens of dit 'n lager of pilsener is!

Verkeerd, meneer. Hier is bier só spesiaal, dit het selfs 'n beskermheilige – St. Arnold. Hy het blykbaar met die uitbreek van die plaag in die Middeleeue mense aangemoedig om bier te drink omdat hy besef het dat die brouproses alle kieme in die water doodgemaak het (die drinkwater was besoedel) en dat die hops en mout 'n gesonde aanvulling tot 'n 'n karige dieët was.

Tweehonderd jaar gelede was daar meer as 3,000 brouerye in België, vandag heelwat minder, maar daar is steeds meer as 700 biere in omloop. Die meeste biere word deur die sogenaamde hoëgistings-metode gebrou (pilsener blykbaar deur laegisting).

Van die beste bier word deur priesters gebrou – sogenaamde trappiste en abdy biere. Bekyk jy die bierlys in 'n restaurant, sal jy buiten trappistes en abdybiere ook tipes soos wit bier, lambiek, Vlaamse rood en Oude Bruin raakloop. Die uniekste vir my is dat elke bier sy EIE GLAS het! En ja, ek het geproe. Name op my proelys is Westvleteren (blykbaar as die beste bier in die wêreld uitgewys en luiperd-skaars!), Chimay, Orval, Westmalle, Leffe, Duvel, De Koninck, Rodenbach, Hoegaarden, Brugse Zot. 'n Bier is vir my beslis nie meer net 'n bier nie. België se Groot Vier nommer 1.

En het jy geweet dat slap tjips van België, en nie Frankryk nie, kom? Ek wil nog uitvind waarom die Engelse dit French fries noem. FRIETE is wat die Vlaminge dit noem, en slap is hulle beslis nie! Nie net het hulle skyfies uitgevind nie, die Belge weet ook hoe om hulle ordentlik gaar te maak. Die geheim is blykbaar om hulle twee maal deur die warm olie te laat gaan. Die friete word met die eerste rondte – met die olie teen 160 grade – halfpad gaargemaak. Hulle kry geleentheid om af te koel en word dan weer gebraai, dié keer teen 190 grade. En jy eet hulle met mayonnaise! België se Groot Vier nommer 2.

Die Switsers is welbekend vir hul sjokolade, maar BELGIESE SJOKOLADE is wat my betref in 'n klas van sy eie – België se Groot Vier nommer 3. Die eerste sjokolade-winkel in België het blykbaar in 1857 oopgemaak, maar die keerpunt het in 1912 gekom toe 'n sjokolateur besluit het om 'n sjokolade-dop te vorm en dit te vul. Hy het dit 'n *praline* genoem, en behalwe vir die uniekheid daarvan het hy, soos alle Belgiese sjokolateurs, die maak van sjokolade so verfyn dat die kwaliteit en fyn tekstuur moeilik sy gelyke elders sal kry. En Belgiese sjokolade is natuurlik altyd handgemaak!!! Dit was heerlik om in enige dorp of stad te stap en oral sjokolade-winkels raak te loop waar jy van hierdie heerlike sjokolade kon koop. Probeer dit self as jy in die hande kan kry, ek weet jy sal met my saamstem.

Net soos met sjokolade, word België met KANT vereenselwig. Hulle is so sinoniem met mekaar dat KANT vir my België se Groot Vier nommer 4 is. Ek wou my aanvanklik slim hou wanneer mense my daarvoor uitvra, maar moes uiteindelik my onkunde bely en toegee dat ek nog nooit van Brugse kloskant (eie aan België) en Aalstse naaldkant (eintlik Italiaans van oorsprong) gehoor het, of geweet het hoe dit geweef word nie.

En as ek ooit gewonder het wat van Europa my sou beïndruk, dan het die vervaardiging van kant dit reggekry. Dit was eers toe ek met my eie oë gesien het hoe veral kloskant geweef word, dat ek die delikaatheid en waarde daarvan kon waardeer.





## TIEN REDES

### Waarom Mans Wapens Bo Vroue Verkies

- #10. Jy kan 'n ou 44 vir 'n nuwe 22 inruil.
- #9. Jy kan een wapen by die huis los en 'n ander een vat wanneer jy op pad êrens heen is.
- #8. As jy 'n vriend se wapen bewonder en dit vir hom sê, sal hy waarskynlik toelaat dat jy hom 'n paar keer uitprobeer.
- #7. Jou hoofwapen gee nie om as jy nog een as ondersteuning aanhou nie.
- #6. Jou vuurwapen bly by jou, selfs wanneer jou ammunisie opraak.
- #5. 'n Wapen neem nie baie plek in 'n hangkas op nie.
- #4. Gewere funksioneer elke dag van die maand normaal.
- #3. 'n Vuurwapen vra nie: "Laat hierdie nuwe grepe my vet lyk?" nie.
- #2. 'n Wapen gee nie om as jy gaan slaap nadat jy hom gebruik het nie.

#### **En die Nommereen-rede hoekom mans vuurwapens bo vroue verkies:**

Jy kan 'n klankdemper vir 'n wapen koop.

## Die hotelrekening

Volgende keer wanneer jy dink jou hotelrekening is te hoog - lees hier!

Ek en my vrou was al elf uur lank op pad en het besluit om 'n paar uur slaap in te kry. Ons boek toe by 'n hotel in om vier ure te slaap. Toe ons vier ure later uitboek, was die rekening R1,400.

Dit het 'n lang woordewisseling met die hotelbestuurder afgegee, wat gesê het die standaardfoo is R1,400. Die hotel het 'n verwarmde Olimpiese grootte swembad en 'n groot konferensiesentrum.

"Maar ons het dit nie gebruik nie!" kap ek terug.

"Maar julle kon. Ons het ook gereeld van die wêreld se beste vermaaklikheids-kunstenaars wat hier optree, en julle kon gaan kyk het."

Ek sê toe ons het net van twee beddens gebruik gemaak, en hy hou vol ons kon al die voordele gebruik het.

Uiteindelik het ek opgegee. en vir hom 'n tjek van R200 gegee.

"Maar dis net R200! Die rekening is R1,400!" roep hy uit.

"Dis korrek," sê ek. "Maar ek trek R1,200 af omdat jy by my vrou geslaap het."

"Maar ek het nie!" roep hy vervaard uit.

Waarop ek toe sê: "Maar jy kon. Sy was hier, dis nie my skuld dat jy nie die kans gebruik het nie."

#### **Moet nooit met senior burgers mors nie!**

Demokrasie moet iets meer wees as twee wolwe en 'n skaap wat stem oor wat hulle gaan eet.

-- James Bovard

# Só maak mens!

**Kammanuus se eie tuisnywerheid**

Deur **RETHA KRUGERS**

---

## Nog variasies op die tema

Vandag die laaste oor variasies van tradisionele gunsteling! (Die laaste, of dalk ook nie!)

### **KOEKSTRUIF A** (Trifle)

410g ingelegte appelkose of enige ander vrugte

1 sponskoek

250 ml room

1 eierwit

37.5 ml appelkooskonfyt

500 ml melk

25 ml sjerrie

25 ml vlapoeier

25 ml suiker

Kersies en neute vir versiering

Smeer die konfyt oor die sponskoek en sny dit in vierkantige blokkies. Pak dit in 'n glasbak. Meng die sjerrie en stroop van die ingelegde vrugte en gooi dit oor die koek. Sny die appelkose en skep dit oor die koek. Meng die suiker en vlapoeier en voeg 'n bietjie van die melk by. Verhit die res van die melk en voeg die vlapoeier by. Kook tot gaar en laat afkoel. Gooi die vla oor die appelkose. Klits die eierwit styf en voeg die room by wat geklop is. Skep dit bo-op nagereg. Versier met verglansde kersies en neute en plaas in yskas om koud te word.

### **KOEKSTRUIF B**

1 sponskoek

500ml ultramel vla

fyn neute

250ml room

sjerrie na smaak

1 blik ingelegde perskes

2 x rooi jellie

2 x groen jellie

Los jellie op in die yskas die vorige aand. Krap jellie met die vurk. Begin met die koek. Gooi bietjie sjerrie oor die koek. Pak dan 'n laag perskes, 'n laag jellie, 'n laag neute, 'n laag vla en dan weer koek, jellie, neute en vla. Eindig met room. Versier met neute en gerasperde flake of pepermint crisp.

### **BESKUITJESTRUIF**

1 pakkie aarbei jelliepoeier

250 ml kookwater

250 ml kouewater

1 blik karamel kondensmelk

1 pak beskuitjies 200g

500 ml vlasous

1 blik 410g vrugtekelkie gedreineer

125 ml neute (pekan)

Los die jelliepoeier in die kookwater op. Voeg die koue water by en meng. Gooi in biedjie van die jellie in 'n diep glasbak met 'n volume van 1.5 L. laat dit in die koelkas stol. Laat die oorblywende jellie afkoel totdat dit dik is, maar nie gestol nie. Smeer 'n dik laag karamelkondensmelk op die beskuitjies. Plaas 'n laag beskuitjies op die gestolde jellie in die bak. Gooi 'n laag vlasous oor. Skep van die vrugte daarop en strooi van die neute oor. Bedek dit met 'n laag jellie.

Herhaal die lae totdat al die bestanddele opgebruik is. Plaas die beskuitjestruiw in die koelkas sodat die jellie kan stol. Dien dit yskoud op. Roomys of geklitste room smaak lekker hierby.

**Besoek gerus Retha se werf op**  
<http://www.onsdorp.com/somaakmens/>

# STAMBOOM

## Waar pas jy in?

Gaan gerus na **Ondorp** [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom)

Jy sal die wagwoord **boomstam** moet gebruik om toegang te verkry.

**GREEFF** [dngreeff238@gmail.com](mailto:dngreeff238@gmail.com)

Francois Greeff getroud met Michell Nel 1988. Kinders - Cynthia Greeff 1989, Eugene Greeff 1991, Natasha Carolyn Greeff 1994. Deon Greeff getroud met Ann Beatrice Joseph 1985 - kinders Ronald Greeff 1986, Rudolf Greeff 1988, geskei 1990. Getroud met Martina Johanna Lotter 1991 - kinders - Justine-Jacquealine Greeff 1992, Charné-Natasha Greeff 1993, Robert Greeff 1994. Jennifer Greeff getroud met Edward Dames 1989. Kinders Bianca Dames 1986, Jason Donovan Christiaan Dames 1991 geskei 1994, getroud met Francois Potgieter 2007. Ernst ongetroud kinders - Jessie 2001, Ernst jr 2003. Willemiena Jacoba getroud met Jan Groenewald 1998 - kinders Sebastiaan Groenewald 2003 Henry William ongetroud.

**GROENEWALD** [hqlandbou@gmail.com](mailto:hqlandbou@gmail.com)

Ons doen navraag ivm die Groenewald stamboom en wil inligting inwin oor die herkoms van die familie oorsprong onbekend maar die meeste familie is van Napier in Kaaprovinsie

**ROUX** [nicholeens@yahoo.com](mailto:nicholeens@yahoo.com)

Ek soek meer inligting oor Jan Daniel Antonie Roux. Die familie het op Villiers gebly en het 19 kinders gehad. Name soos Willem Antonie en Jan Daniel en Antonie is in die familie. As daar 'n Roux-familielid van Villiers is wat dalk kan help.

**SWART** [chuma@telkomsa.net](mailto:chuma@telkomsa.net)

Soek meer inligting oor (pa) Pieter Arnold Nicolaas se familie. Was in die Caledon/Napier area. Tante Nanna was op Caledon woonagtig in 1960-1963. Tante Miemie getroud met Louis Prins van Ceres. Ander broers onbekend aan my weet net daar was een wat in die Tweede Wêreldoorlog gesneuwel het.

**VAN NIEKERK** [anina.1@webmail.co.za](mailto:anina.1@webmail.co.za)

Wil net graag die stamboom van J.A van Niekerk tot die jonkste sien, asook sy broers en sy ouers. Hy het 31 Desember 2009 gesterf. Was op 29 Desember 1938 gebore en familie van hom is onduidelik. Wag om meer van julle te hoor.



### Liewe Lena

As jy aan iemand voorgestel word, is dit oukei om te sê: "Ek het al so baie van jou gehoor?"

Rita

Liewe Rita

Dit hang af wat jy gehoor het.



### Suid-Afrikaanse Uitvindings

(4) Kreepy Krauly

Die Kreepy Krauly, die wêreld se eerste outomatiese swembadskoonmaker, is in 1974 deur Ferdinand Chauvier van Springs, Gauteng uitgevind. Dit het tot 'n revolusie in die swembadwese gelei.

## Britte wys die pad aan

Een van die treurighede van die Westerse wêreld is dat daar baie meer gewig gegee word aan die posisie as aan die bekleër se bevoegdheid.

Dis hoe die Peter-beginsel in die 1960's ontstaan het: In elke organisasie neig elke werknemer om tot sy eie vlak van onbevoegdheid te styg. As jy lank genoeg wag, sal elke lid in die organisasie onbevoeg wees.

Die Engelse is skynbaar die uitsondering: hulle betaal 'n mens wat hy werd is.

So is daar 9,000 staatsampnare in Brittanje wat meer as die eerste minister verdien.

Die direkteurgeneraal van die BBC verdien omtrent ses keer soveel as die premier.

'n Goeie skoolhoof kry twee keer soveel en 'n staatsdokter drie keer.

Klink of die Britte glo dat as jy iets goed gedoen wil hê, jy hom of haar goed moet betaal.



# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

---

### Broekieloos met die landsvlag

**Elsbeth Verhoeven, Stellenbosch:**

Ek het mos so lank gelede uitgevra oor Nepal en een vrou uit Mexiko het toe vir my baie inligting gegee. Wel, ek vertrek die 9de Oktober na Nepal. Ons is altesaam 13 mense wat gaan. 5 Ingenieurs, 1 chemikus, 1 mediese dokter, 2 fisioterapeute, 1 verslaggewer en ek en 'n vriendin.

My vriendin gaan saam met my en ons is die enigste twee wat nie gaan stap hoog in die berge nie. Ons gaan Phokara toe en ook Chitwan National Park. As daar iets interessants is om oor te skryf sal ek vir jou vertel nadat ek teruggekom het die 1ste November.

Ek het die vertelling oor die grafte van die Suid-Afrikaners geniet. Delville-bos. Ek herrinner my aan iets wat een oggend gebeur het op pad soontoe en ook daar. Ek het vir 2 jaar in België van 1985 tot 1987 gewoon en het aan 'n organisasie "De Vrienden van Zuid-Afrika" behoort. Daar was 'n man met die naam Gert van Damme en hy was vreeslik mal oor Suid-Afrika en hy was op die komitee van hierdie organisasie.

Die 11de November van 1986 was die Suid-Afrikaanse Ambassade uitgenooi na 'n kranslegging by hierdie plek (Dellvillebos). Hulle vra toe vir my of ek by die grafte sal staan met 'n Suid-Afrikaanse landsvlag so aan 'n lang stok vas. Ek het toe ja gesê.

Die aand voordat ons moes vertrek het dit gesneeu en ons het in Antwerpen gewoon in 'n ou herehuis op die boonste verdieping. Vroeg die volgende oggend toe ons wakker word sien ons dat ons verslaap het en ons het so vinnig as wat ons kon aangetrek en toe sukkel ons ook nog om die kar aan die gang te kry. Uiteindelik het ons by die plek aangekom vanwaar die bus sou vertrek na Delville-bos.

Daar was toe 'n groot seremonie en ek het toe daar gestaan tussen die grafte met die Suid-Afrikaanse landsvlag. Daarna was daar 'n ete êrens (kan nie onthou waar ons geëet het nie) Daai tyd het 'n mens nog sykouse gedra en toe later toe kom ek agter dat ek vergeet het om 'n broekie aan te trek (gelukkig het ek 'n lang donker romp aangehad). Dit kom daarvan as jy verslaap. Dis nie om oor te vertel nie. Dis darem al so lank gelede. Meer as 20 jaar, maar dit was nogal snaaks.

**[Snaaks, en dalk 'n bietjie koud ook? ;-)- Hennie.]**

### Wit man laaste

**Brian Gruss, Nederland:**

Hier in anderkandland, in Holland. By die grote kerk op die centrum mark plein, Daar is 'n hek by die voordeur van die kerk, en weeskante van die hek staan 'n Bar of Cafe soos dit hier heet. Dit is dus onnodig om deur 'n kerkdienste te sit met 'n grote dors.

Op 'n onlangese besoek aan duskant land het ek agter gekom om 'n hoë post te bekom op die Universtiet van Kaapstad vandag, is die eerte kans, moet jy 'n moffie wees, Daar na 'n Swarte vrou en dan eers 'n swarte man, Daarnaast 'n Blanke vou en heel bende 'n Blanke man ongeact van ondervinding van kwalifikasie of Ondervinging.

Die rand koop bitter min. Al as je 'n Rand kan koop vir 10 eurosent. Skande. Hoe leef die armes???

Onder weg uit hop die OR Tambo Lughawe kry ek baie obstruksie van 'n "Spokerperson"Julle weet wat ek bedoel. Filamon het ook 'n straal bygevoeg. Toe ek op die vliegtuig klim kon ek weer lekker asem haal. Lekker lewe landgenote.

'n Bejaarde dame, 'n maagd wat nooit getrou het nie, het die einde van haar lewenspad bereik. In haar testament vind hulle toe die volgende:

"Daar mag geen man aan my kis graf toe dra nie. Geen man het my in my lewe uitgevat nie, en hulle gaan dit ook nie nou doen nie."

# AGTEROS

## Die Bybel, kos en politiek

"As ek reg kan onthou, eet die Jode ook nie die agterkwart van 'n bees nie maar net die voorkwart."

**Deur FRIKKADEL LOMBARD**

Dit klink amper soos 'n onderwerp wat op 'n braai bespreek word. As jy so gedink het is jy heeltemal verkeerd. Omdat ek 'n passie het vir kos het, het ek begin om stadigaan 'n studie te maak van alles oor kos in die Bybel. Dit is nogal interessant wanneer mens alles kan sien wat die mense geëet het, wat hulle gedoen het en hoe die mense se eetgewoontes verander het.

Daar is natuurlik al die bekende verhale van die lensiesop, die ete wat voorberei moes word net voor die uittog uit Egipte. In Joshua 9 praat hulle van padkos. Rut het byvoorbeeld, toe sy koringare gaan optel het, die middag saam met die werkers brood en wynsous geëet.

Toe Dawid vir koning Samuel gevlug het, het hy by Abigail kos gekry vir 600 manne. Die voorraad wat hy gekry het was 200 brode, tweekruike wyn, vyf gaargemaakte skape, vyf emmers gebraaide koring en 200 honderd koeke gedroogde vye. Dit was seker net genoeg vir een ete.

As julle gedink het dit is baie, dan moet julle in 1 Konings 4 gaan lees wat was Salomo se daaglikse kasvoorraad. Julle sal dink en jok, maar gaan lees self as julle my nie glo nie. Vyf ton fynmeel, tien ton broodmeel, tien vetgevoerde beeste, 20 veldbeeste, 100 stuks kleinvee behalwe nog takbokke, gemsbokke, ribbokke en vetgemaakte pluimvee. Dit is 'n magdom kos. Ongelukkig weet ons nie hoeveel mense met die voorraad gevoer is nie.

In 2 Konings praat hulle van die beleg van Samaria en die hongersnood wat met die beleg geheers het. 'n Donkiekop het 'n kilogram silwer gekos en 'n skeppie duiwemis het 57 gram gekos.

Wat ook baie interessant is, is al die rein en onrein kossoorte wat in Levitikus bespreek word. Soos ons almal weet, is daar net sekere kosse wat die Jode eet. Varkvleis is natuurlik in hulle oë onrein en hulle eet dit glad nie. Jode wat in ons Westerse werke werk, eet ook nie sommer saam met ander mense nie. Vis van enige smaak en geur is vir hulle aanvaarbaar. As ek reg kan onthou, eet die Jode ook nie die agterkwart van 'n bees nie maar net die voorkwart.

Al hulle vleis moet natuurlik kosher wees en moet afsonderlik voorberei word. Ons almal het natuurlik 'n idee hoe dit werk.

Aan die ander kant van die spektrum kry mens die Moslems. Hulle eet ook nie varkvleis nie, hulle vleis moet halaal wees, ook op 'n spesiale manier voorberei word.

As hulle nie seker is of dit halaal is nie eet hulle doodeenvoudig nie. Hierdie klink vir my soos 'n refrein, maar volgens my is daar baie min verskille in die Jode en die Moslems se eetgewoontes.

Ek weet dit is hier baie vereenvoudig, maar lyk my hoe verder hulle van mekaar af wil wees, hoe nader is hulle eintlik aan mekaar.

**En dis dan die einde van KAMMANUUS 292.  
Die volgende een is op 8 November.  
Die jaar staan op sy sy!**